NG JEFFREYSBAAI

Sondag 19 April 2020

Nadenke

Wat beweeg mense? Motivering, vrees, beloning, innerlike krag?

Stilword by God

Spandeer ’n paar oomblikke van stilwees saam met Jesus. Gee jou gedagtes vir Hom. Aanbid Hom.

Wat sê die Woord

Lees 2 Korintiërs 7:14-16 & daarna 2 Kronieke 7:13-16 –

Kyk na die videogreep vir die boodskap.

1. **Waarheen dink jul wou God die gelowiges in Korinthe beweeg?**
   Nader aan Hom toe. Weg van onreinheid en ongehoorsaamheid na ’n lewe van toewyding aan Jesus .
2. **Waarheen dink jul wou God Israel beweeg?**
   Nader aan Hom toe. Weg van onreinheid en ongehoorsaamheid na ’n lewe van toewyding aan Hom.
3. **Waarheen wil God jou laat beweeg?**
   Introspeksie (Kyk na binne jou hart)
4. **Watter belofte gee God aan Israel?**
   Herstel, terugbring na tempel, hulle versorg, hul sal Sy liefde geniet?
5. **Watter belofte gee God aan ons en die gelowiges in Korinthe?**
   2 Kor. 6, Hy sal ons Vader wees en ons Sy seuns en dogters, vir wie al God se beloftes geld. Sy Gees, die ewige lewe, Sy nabyheid, vergifnis, herstel van ons verhouding met Hom

Nadenke: Wat gaan jou laat beweeg tot ’n dieper lewe van toewyding?

Gebed

Dankie, dat U ons Vader is, o God. Dankie, vir U beloftes, nabyheid en reiniging. Here ek kies om te beweeg van waar ek gemaklik in die lewe is om meer gehoorsaam aan U te leef. Om te beweeg van waar sonde ’n houvas begin kry het in my lewe na ’n heilige onberispelike lewe, Te beweeg om meer toegewy aan U te leef, U meer lief te hê en my plek in U gemeente vol te staan, omdat ek U liefhet.